

18 Augustus

Skrifgedeelte: Efesiërs 6:5-9

Fokusgedeelte: Efesiërs 6:5

Gesag en gehoorsaamheid: eienaars en slawe

Voordat ons slawerny veroordeel, moet ons onthou dat slawerny eers in 1838 finaal in die Kaap afgeskaf is, en dit terwyl die invloed van die Christendom destyds reeds oorweldigend was. Slawerny was in die Romeinse Ryk 'n belangrike deel van die ekonomiese en sosiale stelsel, maar terselfdertyd ook die deurlopende oorsaak van maatskaplike oproer en onrus. 'n Slaaf was iemand wat van sy vryheid ontnem en aan die mag van sy eenaar oorgelewer was. 'n Slaaf is dan ook gedwing om gehoorsaam te wees aan sy eenaar, en die eenaar kon die slaaf na eie goëddunke gebruik of selfs misbruik. Ongehoorsaamheid is dikwels hard en wreed gestraf.

Paulus spreek egter geen oordeel oor hierdie stelsel uit nie. Dit gaan eerder daaroor hoe gelowiges (baie slawe het inderdaad ook gelowiges geword) binne hierdie stelsel in die regte verhouding tot mekaar moet leef. Soos regstellende aksies, afleggings, stakings en arbeidsonrus vandag in ons ekonomiese stelsel aan die orde van die dag is, wat aanleiding gee tot gevoelens van onsekerheid en magteloosheid en ook pyn en hartseer in mense se lewens veroorsaak. Baie werkers beskou dit net as 'n moderne vorm van slawerny.

Hoe moet 'n gelowige dit verwerk? As ons teks praat van slawe wat gehoorsaam moet wees aan hulle "eienaars hier op aarde" (horisontale dimensie) sien die gelowige ook sy Eenaar in die hemel (vertikale dimensie), Jesus Christus onse Here, wat ons gekoop het (soos slawe destyds op die mark gekoop is), deur met sy kosbare bloed vir ons te betaal. Dit maak ons ook die eiendom van die Here, aan Wie ons in lewe en in sterwe met liggaam en siel behoort (Sondag 1 HK).

Hierdie "slawerny" is egter vandag ons *enigste troos* in lewe en in sterwe. Daarom werk ons vandag asof ons vir die Here werk – ons werk as gelowiges met eerbied en ontsag teenoor ons werkgewers, selfs al word ons onregverdig behandel. Ons betoon aan hulle voortdurend gehoorsaamheid, asof ons aan God gehoorsaam is. Al sien niemand dit raak nie. Christus troos ons dat God dit wel sien. Want Hy sê vir jou: Jou Vader wat sien wat verborge is, sal jou beloon (Matt. 6:4, 6, 18).

Sing: Psalm 128:1 (2001-omdigting)

Ds. MP Harris (Emeritus)